**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 NOVEMBER 2020 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**RVN001/11/2020**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Raadslid Wessels open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**RVN002/11/2020**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Geen

***

**RVN003/11/2020**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/11/2020**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 OKTOBER 2020</u>**
**3/3/2/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notules van die vorige vergadering gehou op Dinsdag 27 Oktober 2020, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN005/11/2020**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 OKTOBER 2020</u>**
**3/3/2/2**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder rapporteer aan die Raad dat die besluite in die praktyk afgehandel is en op die stelsel elektronies voltooi is.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/11/2020**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

**LIEF**

1. Dat Raadsdame Crafford op Maandag 09 November 2020 verjaar het;

2. Dat Raadslid Immanuel Adams op Saterdag 21 November 2020 verjaar het;

3. Dat Mev. A van Sittert op Saterdag 28 November 2020 sal verjaar.

Hy wens almal baie geluk en voorspoed toe met hul nuwe lewensjaar.

**LEED**

1. Dat Mnr. D le Fleur, werksaam by die tegniese dienste afdeling, se pa oorlede is; en

2. Dat Mev. G Croeser, werksaam by die gemeenskapsdienste afdeling, se skoonma oorlede is.

Hy wens die families sterkte toe wat hul geliefdes in hierdie tyd aan die dood moes afstaan.

Hy moedig die Raadslede en amptenare aan om die versoek van die President te ondersteun, vanaf Woensdag 25 November 2020 tot Sondag 29 November 2020, deur die dra van swart klere of armband vir medelye vir persone wat asgevolg van Covid-19 en Geslagsgebaseerde geweld (“Gender Based Violence”) gesterf het.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Dat geen formele vergaderings van die Raad sal plaasvind vir die tydperk vanaf Vrydag 11 Desember 2020 tot Maandag 18 Januarie 2021 nie.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/11/2020**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BUDGET REGARDING MIG PROJECTS TO BE INCLUDED IN MUNICIPAL BUDGET 2020/2021, 2021/2022 AND 2022/2023 FINANCIAL YEARS**
**5/9/3**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the undermentioned MIG projects in the Municipal Adjustment Budget of **2020/2021** and the amended inclusion of outer year’s budget **2021/2022 and 2022/2023** as 3 year capital plan.

| 2020/2021 | |
|---|---|
| PMU | 724,000.00 |
| PV Upgrading of Roads | 444,521.83 |
| PB Roads & Stormwater | 4,115,755.12 |
| EK Roads | 1,839,572.16. |
| AUR Roads | 2,181,747.80 |
| St Christopher Pumpstation | 5,173,402.65 |
| | R 14,479,000.00 |

*DIRECTOR TECHNICAL SERVICES*

| 2021/2022 | |
|---|---|
| PV Upgrading of Roads | 3,097,353.43 |
| AUR Sidewalks (lowcost) | 1,000,000.00 |
| VD Sidewalks (lowcost) | 1,500,000.00 |
| VD St Christopher Sewer | 560,892.00 |
| RH Sidewalks (lowcost) | 1,000,000.00 |
| RH WWTW | 4,440,440.57 |
| AUR WWTW | 3,000,000.00 |
| PMU | 768,350.00 |
| | 15,367,036.00 |

*DIRECTOR TECHNICAL SERVICES*

| 2022/2023 | |
|---|---|
| PMU | 800,850.00 |
| EK Sidewalks (lowcost) | 2,000,000.00 |
| VD Sidewalks (lowcost) | 1,500,000.00 |
| PV Sidewalks (lowcost) | 1,500,000.00 |
| PB Sidewalks (lowcost) | 3,000,000.00 |
| PB Reservoir | 7,216,150.00 |
| | 16,017,000.00 |

*DIRECTOR TECHNICAL SERVICES*

***

**RVN008/11/2020**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SPORTS TRUST GRANT**
**12/2/3/37**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council support the transfer of R53 000 to the Sports Trust as allocated in the Municipal 2020/21 budget.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**RVN009/11/2020**
**REDELINGHUYS PLAAS BUURTWAG HULPTOEKENNING**
**5/14/1/1**

Die Speaker versoek om deel te neem aan die besprekings ten opsigte van die Redelinghuys Plaas Buurtwag.

Die Munisipale Bestuurder hanteer volgens "Rules of Order for meetings of Council and Committees Policy" reël 28 (1) en klousule 16 (3) die verkiesing van 'n waarnemende Speaker, waarna een nominasie ingedien word en eenparig aanvaar word dat Raadslid Daniels aangewys word as die waarnemende Speaker vir die duur van die bespreking van die item.

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

Uiteenlopende gesprekke, insette en debattering word gevoer met betrekking tot die item onder bespreking.

Die onderstaande besluit word geneem na stemming by wyse van hand-opsteek, naamlik: 9 Raadslede (DA) **stem vir** die hulptoekenning oorbetaling terwyl 4 Raadslede (ANC) **stem teen** die oorbetaling van die hulptoekenning aan Redelinghuys Buurtwag.

**Die onderstaande besluit word deur 'n meerderheid stem van die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad goedkeuring verleen dat R500 000.00 oorgedra word deur middel van 'n virement vanuit die Uitvoerende Burgemeester se "Community Upliftment" operasionele fondse na 'n Hulptoekenning vir Redelinghuys Plaas– en Buurtwag vir gemeenskaps– en landelike veiligheidsprojekte wat gedoen sal word in terme van die Diensleweringsooreenkoms ("Service Level Agreement" ("SLA")); en

2. Dat die buurtwag se akkreditasie asook alle relevante inligting, soos versoek deur Raadsdame Smit, aangespreek en vervat sal word in die Diensleweringsooreenkoms ("Service Level Agreement" ("SLA")).

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

Na afhandeling van bostaande besluit staan Raadslid Daniels af as waarnemende Speaker, waarna Raadsheer De Vries weer as Speaker sy plek inneem.

***

**RVN010/11/2020**
**<u>WYSIGING AAN AFBETALINGSTERMYN VAN AGTERSTALLIGE DEBITEURE REKENINGE</u>**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die tem in en gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die volgende wysiging aan die betalingstermyn goedgekeur word, en dat klousule 7.2.4 van die kredietbeheerbeleid soos volg gewysig word:

   "Indien 'n persoon nie in staat is om agterstallige gelde ten opsigte van munisipale dienste te betaal nie, die Munisipaliteit 'n ooreenkoms met sodanige persoon aangaan, in terme waarvan so 'n persoon toegelaat word om die agterstallige gelde in maandelikse paaiemente soos volg af te betaal, afbetaling van die verskuldigde bedrag binne die volgende riglyne moet geskied.

   | | | |
   |---|---|---|
   | R0 – R1 000 | : | 12 maande |
   | R1 001 – R2 000 | : | 18 maande |
   | R2 001 – R3 000 | : | 24 maande |
   | R3 001 – R4 000 | : | 30 maande |
   | R4 000 en meer | | 10% van lopende rekening"; en |

2. Dat, waar die uitstaande rekening nie in 'n bekostigbare paaiement, soos vervat in klousule 7.2.4 van die beleid berekening kan word nie, 'n paaiement van 10% van die maandelikse lopende rekening, uitgesluit enige krediete wat gegee mag word, bereken word. Sodanige versoek moet aan die Rekenmeester: Kredietbeheer gestuur word, met nodige motivering oor hoekom daar afgewyk moet word van klousule 7.2.4. Die Rekenmeester: Kredietbeheer kan sodanige reëling dan goedgekeur. Enige reëling wat op die basis getref word, moet maandeliks ten volle betaal word. Indien sodanige reëling nie maandeliks ten volle vereffen word nie, sal normale kredietbeheer teen die rekening geïmplementeer word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN011/11/2020**
**<u>BELEID: BELONING VIR INLIGTING ONTVANG VANAF DIE PUBLIEK OM BEDROG, KORRUPSIE, VANDALISME, DIEFSTAL EN ANDER KRIMINELE AKTIWITEITE HOK TE SLAAN</u>**
**2/B**

Die Munisipale Bestuurder lei die tem in en gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Konsepbeleid in-beginsel goedgekeur word; en

2. Dat die Konsepbeleid in werking tree, sodra daar toepaslik voor begroot is.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN012/11/2020**
**<u>WSDP – AUDIT (WATERDIENSTE PLAN)</u>**
**16/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in en gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die plan aanvaar en goedkeur alvorens dit aan die Departement Waterwese en Sanitasie (DWS) gestuur word vir die finale goedkeuring.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN013/11/2020**
**<u>PASSING OF DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING</u>**
**15/1/7**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of Section 156(2) of the Constitution read with Section 11(3)*(m)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the amended By-law on Municipal Land Use Planning, attached as **Annexure C in the report**, be passed;
3. That in terms of Section 13*(a)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the amended By-law on Municipal Land Use Planning, attached as **Annexure C in the report**, be published in the Provincial Gazette and come into effect on date of publication; and
4. That the amended delegations, attached as **Annexure E in the report**, applicable to the amended By-law on Municipal Land Use Planning, be approved.

***MANAGER: PLANNING AND EVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN014/11/2020**
**<u>INSTEL VAN KREDIETBEHEER TARIEWE</u>**
**5/6/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die volgende kredietbeheer tariewe vir die 2020/2021 finansiële jaar goedgekeur word:
   a) Kennisgewing van aanmaning per gewone pos R 25.00;
   b) Kennisgewing van staking van dienste gewone pos R 25.00;
   c) Finale kennisgewing per geregistreerde pos R 50.00;

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

d) Opsporingskoste van debiteur R 200.00;

e) Uitstuur van aanmaning per e-pos aan kliënt R 15.00;

f) Opsoek en uitstuur van vorige rekeninge (per rekening) R 5.00;

g) Verskaffing van inligting (Harde kopie, per bladsy) R 1.50;

h) Verskaffing van inligting (Sagte Kopie – elektronies) R 50.00;

i) Akte navraag R 20.00;

2. Dat die tariewe ingevolge die bepalinge van Artikel 75 (A) van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) geadverteer word vir publieke kennis alvorens dit geïmplementeer word; en

3. Dat die tariewe nie van toepassing sal wees op geregistreerde hulpbehoewendes huishoudings nie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN015/11/2020**
**<u>MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: SEPTEMBER 2020</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council take note of the August 2020 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note of the expenditure in the amount of R 21 930.02 incurred during the month of August 2020 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN016/11/2020**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: SEPTEMBER 2020**
**5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for September 2020.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN017/11/2020**
**TABLING OF LIST OF EXEMPTIONS, REDUCTIONS AND REBATES 2020/2021**
**9/1/2**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council note the list of exemptions, reductions and rebates as per table in the report, in the amount of R 4,440,423.39 as revenue foregone during the 2019/2020 financial year, as per section 15(1)(a)(b) of Municipal Property Rates Act, Act 6 of 2004.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN018/11/2020**
**UITOEFENING VAN DELEGASIE 70 IN TERME VAN DIE GOEDGEKEURDE DELEGASIE REGISTER (SOOS GOEDGEKEUR NOVEMBER 2019)**
**2/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die uitoefening van delegasie 70 deur die Munisipale Bestuurder na konsultasie met die Uitvoerende Burgemeester per telefoon op 28 Oktober 2020 en 05 November 2020.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN019/11/2020**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS: DONDERDAG 10 SEPTEMBER 2020**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 10 September 2020, soos voorgelê.

***

**RVN020/11/2020**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS: DINSDAG 29 SEPTEMBER 2020**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 29 September 2020, soos voorgelê.

***

**RVN021/11/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN022/11/2020**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN023/11/2020**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ _________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***